# OMGEWINGSINVLOEDBEPALING: BEOOGDE FV2-FV7 FOTOVOLTAÏESE SONENERGIE-AANLEGTE OP KLIPGATS PAN NABY COPPERTON, NOORD-KAAP

23 JULIE 2013

| AANLEG | DOS VERW. NR. | NEAS VERW. NR. | AANLEG | DOS VERW. NR. | NEAS VERW. NR. |
|---|---|---|---|---|---|
| **FV2** | 14/12/16/3/3/2/486 | DEAT/EIA/0001766/2013 | **FV5** | 14/12/16/3/3/2/489 | DEAT/EIA/0001769/2013 |
| **FV3** | 14/12/16/3/3/2/487 | DEAT/EIA/0001767/2013 | **FV6** | 14/12/16/3/3/2/490 | DEAT/EIA/0001770/2013 |
| **FV4** | 14/12/16/3/3/2/488 | DEAT/EIA/0001768/2013 | **FV7** | 14/12/16/3/3/2/491 | DEAT/EIA/0001771 |

## OPDATERING VAN KONSEP NA FINALE OMVANGBEPALINGSVERSLAG

**Die Konsep OBV is met die insluiting van hierdie Opdateringsblad na die Finale OBV opgedateer. Bykomende inligting is ingesluit by Bylae B. ’n Nuwe bylae, Bylae E, is bygevoeg en bevat ‘n kort beskrywing oor die fotovoltaïese effek.**

---

Hierdie opdateringsbladsye beskryf die proses wat gevolg is sedert die Konsep Omvangbepalingsverslag (OBV) vanaf 30 April 2013 tot 10 Junie 2013 vir ’n tydperk van 40 dae aan Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) beskikbaar gestel is. Dit dui die veranderinge aan wat as gevolg van die proses van openbare deelname aan die Konsep OBV gemaak is, en gee ’n kort uiteensetting van die volgende stappe in die Omgewingsinvloedbepalingsproses (OIB).

### Proses sedert die indiening van die Konsep OBV

Die volgende proses is sedert die indiening van die Konsep OBV gevolg:

- Die Konsep OBV is op 30 April 2013 vir die publiek beskikbaar gestel by die Openbare Biblioteek in Prieska (Elizabeth Vermeulen), die Ietznietz Gastehuis in Copperton, en op Aurecon se webwerf (**www.aurecongroup.com** – verander “current location” na “South Africa” en volg die “public participation”-skakel).
- Alle geregistreerde B&GPe is per brief (in Engels en Afrikaans) in kennis gestel van die beskikbaarheid van die Konsep OBV vir openbare kommentaar op 23 April 2013. (lees **Bylae B**).
- Die kommentaartydperk het op 10 Junie 2013 gesluit en altesaam drie skriftelike kommentare is op die Konsep OBV ontvang. Hierdie kommentaar is vervat in **Bylae B** van die Finale OBV.
- Alle kwessies is in die Kommentaar- en Antwoordverslag (K&AV) opgesom, tesame met die projekspan se kommentaar daarop (verwys na **Bylae B** van die Finale OBV).

ŉ Beperkte aantal veranderinge is aan die Konsep OBV en gepaardgaande Studieplan vir die OIB gemaak op grond van die kommentaar wat vanaf B&GPe ontvang is. Inligting wat bygevoeg is, is <u>onderstreep</u>. Die vernaamste veranderinge word gerieflikheidshalwe hieronder uiteengesit.

**<u>Algemene veranderinge aan die Finale OBV:</u>**

ŉ Aantal onbeduidende veranderinge aan die Verslag is nie in die teks aangedui nie, wat grammatikale en tipografiese veranderinge insluit.

**<u>Veranderinge aan Hoofstuk 4:</u>**

- Afdeling 4.3.3: Die hidrologiese spesialis het verander Mnr Richard Hirst na Dr Nick Walker;
- Afdeling 4.3.3: Die Werksopdrag vir die konseptuele stormwater plan as soos volg gewyssig:
    - Samestelling van ŉ stormwater-bestuursplan wat die afloop van stormwater voor- en na-ontwikkeling assesseer en aanbevelings maak vir mitigasie en/of hoe om die gekonsentreerde afloop van verskillende vloedvolumes (tipies 1:5 jaar en 1:100 jaar vloede) te akkommodeer. Verhoogde en gekonsentreerde afloop sal meestal ontstaan as gevolg van die groot waterdigte son panel oppervlakte en sal versigtige beplanning van ‘n konsepsuele plaaslike stormwater dreineringstelsel benodig.

Bylaes is opgedateer en sluit in:

- ŉ Afskrif van die advertensie wat op 26 April 2013 in die Gemsbok geplaas is: **Bylae B**;
- Foto's van die kennisgewings wat op terrein aangebring is: **Bylae B**;
- ŉ Opgedateerde lys van B&GPe: **Bylae C**;
- Kommentaar wat ontvang is op die Konsep OBV is in die K&AV ingesluit: **Bylae B; en**
- ‘n kort beskrywing oor die fotovoltaïese effek; Bylae E.

Die Inhoudsopgawe waarin die Bylaes/ dokumente gelys is, is ook dienooreenkomstig in die Finale OBV gewysig.

## Opdatering van die Studieplan vir die OIB

Die Werksopdrag vir die hidroloog deskundige is gewysig (soos in bogenoemde afdeling beskryf).

## Volgende Stappe

- Hierdie Opdateringsblad is aan alle geregistreerde B&GPe op die databasis gestuur.
- Die K&AV is gestuur aan alle B&GPe wat op die Konsep OBV kommentaar gelewer het.
- Die Finale OBV is vanaf **23 Julie 2013** tot **12 Augustus 2013** vir die publiek beskikbaar gestel by dieselfde plekke as die Konsep OBV, sowel as op Aurecon se webblad (**www.aurecongroup.com** – verander “current location” na “South Africa” en volg die “public participation”-skakel).
- Die Finale OBV is op 19 Julie 2013 by die bevoegde owerheid, naamlik die Departement van Omgewingsake (DOS), vir oorweging en besluitneming ingedien.

- Die DOS sal die Finale OBV, insluitende die Studieplan vir die OIB (tesame met die K&AV) deurgaan en 'n brief uitreik waarin hulle:
  - (i) Die Finale OBV, insluitende die Studieplan vir die OIB, aanvaar en die Omgewingsbeoordelingspraktisyn (OBP) aanraai om voort te gaan met die take soos in die Studieplan vir die OIB uiteengesit;
  - (ii) Die OBP versoek om veranderinge aan die Verslag of die Studieplan vir die OIB aan te bring soos deur die bevoegde owerheid aangevra; of
  - (iii) Die omvangbepalingsverslag afkeur indien daar nie genoeg inligting in terme van die OIB-regulasies is nie; of omdat die riglyne van toepassing op Omvangbepalingsverslae en Studieplanne vir OIBs nie nagevolg is nie.
- Die Konsep OIB-verslag, wat tans saamgestel word en die bevindinge van die spesialisstudies sal bevat, sal vir openbare oorsig beskikbaar gestel word. Alle geregistreerde B&GPe sal betyds ingelig word van die geleentheid om daarop kommentaar te lewer.

Aurecon wil graag almal bedank wat tot op hede aan die OIB-proses deelgeneem het.